# Die Solidariteit Beweging

## *Ondersteuning vir projekte*



SOLIDARITEIT
BEWEGING

# Die Solidariteit Beweging

## se projekte vir oplossings vir SA se uitdagings

Suid-Afrika is ŉ land van vele probleme maar met volop geleenthede. Die Solidariteit Beweging werk die verval in die land teen deur die opbou van ŉ netwerk van instellings wat danksy die gemeenskap se ondersteuning tot stand gekom het.

Ons droom is om ŉ blywende bydrae tot die welstand van die land en sy mense te maak. Daarom wil ons die omstandighede skep wat dit vir Afrikaners moontlik sal maak om volhoubaar hier te bly. Daarvoor bou ons die kulturele ruimtes wat vir enige gemeenskap se vrye, veilige en voorspoedige voortbestaan nodig is. Meer as 2 000 voltydse personeel en sowat 12 000 vrywilligers is by ons 46 organisasies betrokke.

In die lig van die werklikhede in die land is ons groot uitdaging om "staatsdienste" sonder staatsinkomste aan ŉ gemeenskap te lewer wat grootliks deur die regering uitgesluit word van bystand. Dit is hoekom ons dankbaar is dat soveel mense die nood raaksien en bereid is om die verantwoordelikheid saam met ons te dra.

Ons benadering is om dié uitdagings waaraan ons iets kan doen aan te pak eerder as om net te kla oor dié dinge waaraan ons nie veel kan doen nie.

### ŉ Helpmekaar-beweging

Die Solidariteit Beweging het op elke noodsaaklike gebied ŉ selfhelporganisasie gevestig wat sonder belastinggeld of aandeelhouerskapitaal bedryf word. Hierdie instellings word ondersteun deur fondse wat help om volhoubaarheid te verseker. Daarmee saam word talle ander projekte aangepak wat dus as die ekonomiese "enjins" vir hierdie helpmekaar-beweging dien.

Die omvang van ons projekte wys duidelik dat elke instelling groot finansiële uitdagings ervaar, maar dit is met groot dankbaarheid dat bevestig kan word dat hulle tans goed presteer, bestendig groei en belangrike dienste aan duisende mense lewer.

Lede van die publiek kan self kies watter instellings of fondse hulle wil ondersteun. Sommige vind meer aanklank by Akademia wat besig is om tot ŉ wêreldklas- Afrikaanse universiteit uitgebou te word. Ander wil Sol-Tech se beroepsopleiding in skaars vaardighede ondersteun. Ons is baie trots

# "Ondersteuning"

daarop dat sowat 5 000 jongmense al aan hierdie twee instellings studeer.

Die Solidariteit Beweging se skole-ondersteuningsprojekte by sowat 800 skole het ten doel om die toekoms van Afrikaanse onderwys te help verseker.

Werkendes en die ouer geslag mag dalk meer aanklank vind by Solidariteit se klipharde stryd om onbillike rassewetgewing teen te staan en om só gelykheid en regverdigheid in die werkplek te verseker.

Danksy die gereelde bydraes van duisende mense het 'n netwerk van lewensgrootte instellings ontstaan wat reeds 'n betekenis-volle verskil in duisende mense se lewe maak.







SOLIDARITY MOVEMENT

Ons belangrikste projekte

*in 'n neutedop:*

# Sol·Tech



Sol-Tech fokus op beroepsopleiding, veral in skaars tegniese rigtings, waardeur studente internasionaal erkende, bruikbare kwalifikasies kan verwerf. Sol-Tech wil jongmense nie net help om kwalifikasies te verwerf wat geskik is om werk te kry nie, maar wil hulle vir 'n loopbaan toerus.

Die eerste studente is op 1 Februarie 2021 op Sol-Tech se nuwe, wêreldklaskampus in Monumentpark in Pretoria verwelkom en daar word reeds beplan aan die oprigting van koshuise vir studenteverblyf en om die kampus verder uit te brei. Die koste van die projek beloop bykans R300 miljoen.

*"Beroepsopleiding"*

Sol-Tech bied tans agt beroepskwalifikasies (voorheen bekend as ambagte) aan, naamlik vir elektrisiëns, dieselwerktuigkundiges, meulmakers, gereedskapmakers, passers en draaiers, sweisers, trekkerwerktuigkundiges en vir outo-elektrisiëns.

Uitbreiding om nog beroepskwalifikasies in rigtings soos inligtingstegnologie aan te bied, word ook in die vooruitsig gestel.

Lees meer. **Klik hier**



**AKADEMIA**

AD FUTURUM PER FONTES



Akademia is 'n jong instelling gegrond op 'n eeue oue universiteitstradisie wat sy eerste wortels in Plato se "Akademia" van 387 v.C. het. Tien jaar gelede, op 3 Maart 2012, het Akademia 42 studente in vyf programme verwelkom, en vandag spog dié instelling met bykans 2 500 studente en meer as 20 programme.

Akademia-studente draf sedert 2021 voltyds klas in Afrikaans op die nuut ingerigte Centurion-kampus, terwyl hulle terselfdertyd vir 'n veeltalige wêreld voorberei word. Akademia bied tans erkende grade aan in rigtings soos BCom, BSc, BA, Regte en Onderwys, terwyl Rekenaarwetenskap vanaf 2023 aangebied gaan word. Daar word tans gewerk aan die aanbieding van kwalifikasies in verpleegkunde, ingenieurswese en verskeie ander rigtings.

Daar word ook fluks gevorder met die beplanning van 'n nuwe Akademia-kampus. Sowat 250 ha grond is in Pretoria aangekoop en die argitekte het reeds die eerste konsepuitleg van 'n kampus voltooi. Die Akademia-projek gaan uiteindelik sowat R1,7 miljard beloop. Daar word kliphard gebou aan ons droom van "wêreldklas in Afrikaans" en bande word met verskeie top-universiteite in ander lande gesmee.

Lees meer. **Klik hier**



*"Wêreldklas in Afrikaans"*



Die Solidariteit Helpende Hand het meer as 100 personeellede en 200 takke en dorpsverteenwoordigers in 12 streke. Hierdie takke bestaan uit vrywilligers wat die nood van mense in Afrikanergemeenskappe bepaal en dit dan binne die beleidsraamwerk van Helpende Hand hanteer. Ons doel is om mense te help om hulself te help, en ons droom is om volhoubare voorspoed te help verseker.

Daar is ook meer as ŉ honderd Ons Winkels – skenkingswinkels landswyd wat ŉ volhoubare inkomste vir die dorpe waar hulle geleë is inbring.

Verder bedryf Helpende Hand tans vyf gemeenskapsentrums wat gestig is om veilige kleuter- en/of naskoolversorging tot die beskikking van gemeenskappe te stel.

Helpende Hand fokus op verskeie kategorieë en jy kan die kategorie kies wat jy deur middel van ŉ donasie wil steun:

- **Kinders** (die Kosblikkieprojek help daagliks om 8 000 kleuters te voed)
- **Bejaardes**
- **Gemeenskapsontwikkeling**
- **Persone met gestremdhede**
- ’n **Krisisfonds wat vir noodleniging soos byvoorbeeld die KZN-gebeure aangewend word.**

*“Volhoubare voorspoed”*







Lees meer. **Klik hier**

maroela
media

Meer as 2 miljoen Afrikaanssprekendes lees maandeliks Maroela Media se betroubare en gebalanseerde nuus en inhoud van hoë gehalte. Maroela Media is die grootste Afrikaanse aanlyn publikasie, en publiseer meer as 50% van alle Afrikaans op die internet. Sowat 45 miljoen bladsye word maandeliks gelees.

Maroela Media voorsien ook gehalte-inhoud aan 'n netwerk van sowat 75 gemeenskaps-radiostasies met 'n totale luisteraarstal van ongeveer 1,95 miljoen. Dit sluit ŉ jaarlikse Afrikaanse radio-vervolgverhaal van hoogstaande gehalte in.

Opleiding in die vorm van ŉ gemeenskaps-radioseminaar en ander bystand word ook verskaf.

Maroela Media het ook ŉ gratis aanlyn kinderensiklopedie, *WEET*, wat op laerskole se leerplanne gebaseer is. Dit word tans uitgebrei om ook vir hoërskole voorsiening te maak. Afrikaans is die spil waar rondom alles vir Maroela Media draai en daarom fokus dié webwerf deur sy inhoud en projekte op die behoud en uitbreiding van ons moedertaal.

Maroela Media se lesers beskou Maroela as ŉ tuiskomplek waar hulle in ŉ veilige omgewing Afrikaans kan praat, gerus kan wees dat die nuus en inligting betroubaar en gebalanseerd is, en waar hulle die geleentheid het om hul mening te kan lug.

"Gehalte-inhoud"






voortrekkermonument
en natuurreservaat/and nature reserve



Die FAK het in Maart 2021 met die hulp van die Solidariteit Beweging tot die bestuur van die Voortrekkermonument en die Erfenis-stigting toegetree nadat besoekerstalle weens die inperkings opgedroog het.


Hierdie twee organisasies sien nou om na 12 erfenisterreine soos die Bloedrivier Erfenisterrein, die Kroonstad Konsentrasiekampkerkhof, asook die Bloukrans Monument en die Kaalvoetvrou-standbeeld.

Die nuwe bestuur het verskeie projekte aangepak soos Projek 10 000 wat beoog om 10 000 mense wie se hart warm klop vir die bewaring van ons geskiedenis en erfenis as vriende van die monument te verenig. Die sukses van die projek sal die volhoubare voortbestaan van die Voortrekkermonument vir die nageslag verseker.

Die Voortrekkermonument word gesien as ŉ kultuurtuiste en ŉ baken van hoop vir mense. Daarom vra ons dat mense ŉ belegging in en vir hul kultuur maak.

Deur die Voortrekkermonument te ondersteun kan jy, soos duisende voor jou, ŉ outeur wees wat help skryf aan die volgende hoofstuk van die Afrikaner se geskiedenis.

"*Erfenis*"



AfriForum

## AfriForum Veiligheid

Veiligheid is een van die mens se basiese behoeftes, maar ongelukkig is dit nie iets wat vanself kom nie. AfriForum help jou om danksy 'n uitgebreide buurtwagstelsel veiligheid in en om jou huis, woonbuurt en gemeenskap te vestig.

AfriForum het reeds meer as 164 buurt- en plaaswagte regdeur die land op die been gebring, en doen groot werk om ons woonbuurte veiliger te maak. Ons streef goeie samewerking na met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, sekuriteitsmaatskappye en ander buurtwagte. Ons droom is om hierdie veiligheidsnetwerk te versterk en landswyd uit te brei wat groot finansiële eise aan ons stel.



AfriForum Veiligheid maak staat op die nuutste tegnologie as "vermenigvuldiger" en maak ruimskoots gebruik van en behaal goeie resultate met hommeltuie, 'n landswye radionetwerk en die opleiding van personeel en vrywilligers.



*"Veiligheidsnetwerk"*

Lees meer. **Klik hier**

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

# *"Vry, veilig en voorspoedig"*

## Regsfonds

Die Solidariteit Regsfonds is gestig om die regering se afdwing van onbillike rassewette in die werkplek en sakewêreld teen te staan. Hierdie wette verontreg nie net mense op grond van ras nie, maar dit benadeel die ekonomie en dryf jongmense landuit.

Ons moet hierdie onregverdighede nou stuit vir ons eie toekoms en ook sodat ons kinders eendag ŉ toekoms kan hê waarin ons en hulle gelyk en vry, veilig en voorspoedig kan lewe.

Danksy die beste regshulp aan ons kant voer die Regsfonds regsgedinge tot in die hoogste howe oor rassisme, korrupsie, wanbesteding en rassewette teen die staat, staatskapers en ander instellings soos Denel, SAL, Sasol en ArcelorMittal.

Ongelukkig is dit nie moontlik dat al die regskoste vir gedinge teen regstellende aksie deur Solidariteit-lidmaatskapgeld alleen gedra kan word nie. Daarom is die Solidariteit Regsfonds geskep en vra Solidariteit die publiek se ondersteuning om dit vir hom finansieel moontlik te maak om reg en geregtigheid in die land te verseker.

Lees meer. **Klik hier**





SKOLE
ondersteuningsentrum

## Onafhanklike Afrikaanse skole

Daar word in samewerking met Solidariteit se Skoleondersteuningsentrum (SOS) beplan en ontwikkel aan die stigting van ŉ Afrikaanse privaat skool.

Ons wil die toekoms van Afrikaanse onderwys verseker deur openbare skole by te staan en ŉ nuwe Afrikaanse privaatskoolnetwerk te ontwikkel.

*"Onderwys"*









SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
STUDIEFONDSSENTRUM




## Bekostigbare studiefondse

Solidariteit Helpende Hand se Studiefondssentrum administreer tans 220 studiefondse ter waarde van R238 miljoen. Danksy hierdie fondse is die studie van meer as 6 300 behoeftige studente oor die afgelope 11 jaar moontlik gemaak. In 2022 word 1 200 studente deur middel van R50 miljoen se bekostigbare studielenings bygestaan.

*"Afrikaanse onderwys"*

## So kan jy ŉ skenking maak:

Baie dankie vir jou belangstelling in die Solidariteit Beweging se projekte. Dankie dat jy die nood raaksien en bereid is om die verantwoordelikheid saam met ons te dra. Ons pak elke projek met groot passie aan, maar terselfdertyd ook in groot afhanklikheid. Fondse bly ŉ enorme uitdaging. Indien jy kan help om een of al ons projekte finansieel te ondersteun, kan jy ŉ eenmalige of ŉ herhalende betaling maak en die projek waarvoor jy graag wil bydra as verwysing gebruik:

'Solidariteit Beweging' (vir al die projekte)
'Sol-Tech'
'Akademia'
'Helpende Hand'
'Maroela Media'
'Voortrekker Monument'
'AfriForum Veiligheid'
'Regsfonds'
'Afrikaanse Skole'
'Studiefondse'

## Bankbesonderhede

SOLIDARITEIT BEWEGING TRUST
**FNB**
Rekeningnommer: 62450763662
Tak: CENTURION 838
Takkode: 261550
Swift-kode: FIRNZAJJ

SOLIDARITEIT
BEWEGING